**7 Julie**

Skrifgedeelte: Jeremia 44:20-27 (NAV)
Fokusgedeelte: Jeremia 44:26

# Die dag toe God se geduld opgeraak het

Miskien klink dit ongelooflik! Kan dit waar wees? Ja, inderdaad! Dit het vir die koninkryk van Juda donker geword. Jerusalem is totaal verwoes. God gebruik Nebukadnesar as sy dienaar (43:10) en hamer (51:20) waarmee Hy die volk straf. Die volk wou net nie afsien van hulle afgode nie. Nieteenstaande al die waarskuwings deur die profete. Al wat oor is, is puinhope en ’n klompie radelose mense wat nie na Babel weggevoer is nie. Hulle trek Egipte toe teen die Here se uitdruklike verbod by monde van Jeremia. Hulle gaan voort met hulle offers aan die hemelkoningin, Astarte. Hulle sweer ’n eed aan mekaar om almal daarheen te trek. Dit is toe dat die Here die woorde van ons fokusgedeelte uitspreek: “Hou by julle belofte, hou daarby, doen wat julle beloof het, doen dit!” God gee hulle oor aan hulle ongehoorsaamheid! Dra nou maar die gevolge van julle koppige afvalligheid! So pleeg die mense van Juda *geestelike selfmoord*! Die Here lê ook ’n eed af: “Nooit sal my Naam weer deur ’n enkele Judeër genoem word nie.” God se geduld het opgeraak!

In Hebreërs 3:12-14 word gelowiges gewaarsku om nie van die Here afvallig te word nie. Die skrywer verwys na Psalm 95 waar die Here met ’n eed gesweer het: “In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie.” God se geduld het opgeraak nadat Israel by Kades geweier het om in Kanaän in te trek en in daardie geslag in die woestyn gesterf het.

Ongeloof en afvalligheid bedreig gelowiges ook vandag nog. Sy woord geld steeds: “Vandag, as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie.” Die rus wat die Here jou gee, is die rus van sy nabyheid. Die Here is nog geduldig met jou en my. “Hy wil nie hê dat iemand verlore moet gaan nie. Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer” (2 Pet 3:9).

Baie mense draai vandag die rug op sy Woord en die kerk en pleeg so geestelike selfmoord. Luister liewer na Johannes 14:23: “As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon.”

Sing: Psalm 73:11, 12 (1936)

Dr B Duvenage (Emeritus)